ZONKIE Montessori
preschool/kleuterskool

**Inskrywingsvorm 2024**

**Algemene Inligting**

**Reëls en Regulasies**


| | |
|---|---|
| **Fisiese Adres:** | 90 Halepensisstraat<br>Lynnwoodrif<br>Pretoria |
| **Posadres:** | Posbus 72034<br>Lynnwoodrif<br>0040 |
| **Webblad:** | www.montessori-zonkie.co.za |
| **Tel :** | 012 361 6751 |
| **Sel:** | Hettie 062 388 5410 |
| **E-pos:** | info@montessori-zonkie.co.za |
| **Finansies:** | finance@montessori-zonkie.co.za |
| **Hoof:** | principal@montessori-zonkie.co.za |


Albei ouers/voogde moet asb. op elke bladsy van hierdie dokument parafeer, teken waar aangedui, en dit aan die skool terugbesorg.

Parafeer asb. (albei ouers):……

**ZONKIE MONTESSORI: ALGEMENE INLIGTING.**

**1. FILOSOFIE EN METODE.**

- Die Montessori-metode is in die vroeë 1900s deur dr Maria Montessori, 'n Italiaanse geneesheer, ontwikkel. Sy het besef hoe belangrik die tydperk vanaf 0 - 6 jaar is, en die noodsaaklikheidheid daarvan om kinders in hierdie tydperk te stimuleer omdat hulle dan so ontvanklik vir leer is, beklemtoon.
- Dr Montessori het die konsep van 'n 'voorbereide omgewing ontwikkel; 'n klas waar jong kinders deur 'n onderwyseres gelei kan word om selfstandig te funksioneer deur aktiwiteite uit te voer met spesiaal voorbereide apparaat.
- Nadat leerders gewys is hoe om op gepaste wyse die apparaat te gebruik, is hulle vry om die aktiwiteit te kies wat hulle op daardie tydstip die meeste interesseer. Hulle ontwikkel sodoende selfdissipline, konsentrasie en die vermoë om selfstandig 'n keuse uit te oefen.
- Montessori onderwyseresse besef dat elke kind uniek is en 'n sekere mate van vryheid nodig het; dit word gerugsteun deur 'n paar basiese reëls, soos bv om sag te praat, versigtig te beweeg, vriendelik en behulpsaam teenoor ander te wees en om die apparaat met respek te behandel.
- Indien u graag meer inligting verlang, gaan gerus na www.montessori-zonkie.co.za.

**CAPS EN NELDAS.**

- Ons kurrikulum is ten volle geïntegreer met die kurrikulum en standaarde soos bepaal deur die Departement van Onderwys.
- KINDERKINETIKA – Ons personeel is opgelei om Kinderkinetika-klasse aan te bied.

**2. GROEPSAMESTELLING EN OUDERDOMME**

- Daar is ongeveer 12 kleuters per onderwyseres.
- Groepe bestaan uit gemengde ouderdomme as deel van die Montessori- metodiek.

**3. TOELATINGSBELEID**

Kinders van 2½ tot 6 jaar oud word toegelaat.

**4. GODSDIENS EN TAAL**

- Christelike beginsels word aanvaar, uitgeleef en toegepas in die opvoeding van u kind.
- Dit is 'n dubbelmedium skool. Die onderrigmedium is Afrikaans en Engels.

**5. GRAAD RR EN R (4, 5 en 6 jariges)**

- Ons dek al die leerdoelstellings vir die grondslagfase soos uiteengesit in die Nasionale kurrikulum- en assesseringsbeleidverklaring (NKV/CAPS) Ons rapporte word daarvolgens opgestel. Ons waarborg individuele aandag om elke kind te help om sy/haar volle potensiaal te bereik en om emosioneel, intellektueel en fisies skoolgereed te kan word.
- Ons is by die South African Council of Educators (SACE) geregistreer.
- Ons werk in nou saam met die Suid Afrikaanse Montessori Vereniging (SAMA), die Vereniging vir Voorskoolse Opvoeding en Sorg (VVOS) asook Tools for School, sodat ons op hoogte kan bly met die nuutste onderwys verwikkelinge. U kind word nie net in die voorskoolse jaar skoolgereed gemaak nie, maar word by Zonkie voorberei vir skool vandat hy/sy by die 3 tot 6 jaar klas instap.

**6. SKOOLURE:**

| | |
|---|---|
| Aflaaityd: | 06:45 tot 08:00 |
| Halfdag: | 06:45 tot 12:00 - 13:00 |
| Voldag: Maandag - Donderdag | 06:45 tot 14:00 - 17:15 |
| Voldag: Vrydag | 06:45 tot 14: 00 - 17:00 |
| **Skoolure tydens vakansies:** | |
| Halfdag: | 07:30 – 13:00 |
| Voldag: | 07:30 – 17:00 |

- Geen kinders sal voor 06:45 ontvang word nie.

Parafeer asb. (albei ouers):……

- Die afhaal tyd vir halfdag kinders is van 12:00 to 13:00.
- Die afhaal tyd vir voldag kinders op Maandag tot Donderdag is van **14:00 tot 17:15.**
- Die afhaal tyd vir voldag kinders op Vrydag is van **14:00 tot 17:00.**
- Tussen 17:00 en 17:15 wag die kinders saam met ‘n juffrou/assistent by die wag area om huistoe te gaan.
- Indien halfdag ure, na 13:00, oorskrei word, sal ‘n boete van R50 vir die eerste 15 minute of deel daarvan gehef word; daarna sal die fooi (R100) vir ‘n volle namiddag gehef word.
- Indien voldag ure, na 17:15 op Maandag tot Donderdag of na 17:00 op Vrydag oorskry word, word ‘n boete van R50 per 15 minute, of deel daarvan, gehef. Indien u kind op Maandag tot Donderdag na 17:30 of Vrydag na 17:15 afgehaal word, sal ‘n addisionele fooi van R100 gehef word vir elke 10 minute wat u laat is.
- Alle boetes moet binne 24 uur kontant betaal word.
- Die skool moet voor 11:00 van die betrokke dag laat weet word indien ‘n kind vir enkele middag sorg gaan benodig. Sorg vir ‘n enkelmiddag of deel daarvan, is R100 per middag.

**7. NASIONALE SKOOLKWARTALE EN VAKANSIES VIR 2024.**

| | **Skole oop** | **Skole sluit** |
|---|---|---|
| 1 | 17 Januarie | 20 Maart |
| 2 | 3 April | 14 Junie |
| 3 | 9 Julie | 20 September |
| 4 | 1 Oktober | 11 Desember |

- Ons skool is gedurende die April**,** Julie en September skoolvakansies oop behalwe vir die dae soos aangedui vir 2024: **28 Maart tot 2 April; 1 tot 8 Julie, 27 tot 30 September.**
- Die skool **sluit om 12:00** op Woensdag 27 Maart vir die Paasnaweek.
- Die skool **sluit om 10:00** op Woensdag 11 Desember met die aanvang van die Desember vakansie.
- Boetes word verdubbel indien ‘n kind gedurende skoolvakansies laat gehaal word.
- U kind mag slegs vakansie sorg bywoon indien u rekening met ons ten volle vereffen is.

  **VAKANSIESORG**

  Ons bied vakansiesorg vir gedeeltes van die Maart/April, Junie/Julie, en September /Oktober vakansies. Ons vakansiesorg bied ‘n prettige en interessante ervatings vir kinders gedurende vakansies. Hulle kry die geleentheid om deel te neem aan ‘n verskeidenheid van aktiwiteite, wat kuns en kunsvlyt, sport, musiek en sensoriese aktiwiteite insluit.

  Ons vriendelike en ervare personeel sal verseker dat vir jou kind ‘n heerlike ervaring is.

  Daar is ‘n addisionele koste van R20 per dag verbonde aan deelname aan die vakansieprogram.
- Neem asb kennis: indien daar op ‘n betrokke dag minder as 5 kinders is vir nasorg gedurende vakansiesorg, sal die ouers betyds in kennis gestel word dat die skool om 15:00 sluit.

**8. VEILIGHEID EN SEKURITEIT**

- Toegang tot die skool word verkry deur hek met ’n elekro-magnetiese slot. Dit is toegerus met kameras wat vanuit die skool deur die personeel gemonitor word.
- Slegs personeel en persone deur hulle gemagtig, mag die hekkie van binne oopmaak.
- **MOET ASB NIE U KIND OPTEL OM DIE HEK SE KNOPPIES, BINNE OF BUITE, TE DRUK NIE.**
- Kinders moet te alle tye by aankoms in die sorg van ‘n personeellid gelaat word.
  Moet asb. nooit u kind by die hek los nie.
- U kind mag nie vir u by die hek wag nie. Ons moet weet met wie elke kind huis toe gaan.
- Maak asb seker dat die hek te alle tye **BEHOORLIK TOE** is agter u.
- Ons personeel beskik oor Noodhulp, Basiese Brandbestryding en SAP Klarings sertifikate om sodoende u kinders se veiligheid na die beste van ons vermoë te verseker.
- Ons sal nie ‘n kind toelaat om huis toe gaan met ‘n ander persoon as díe deur u benoem op die registrasievorm nie. Indien dit moet gebeur, moet u ons persoonlik vooraf daarvan verwittig.

- Enige telefoonkoste of oorskryding van skoolure a.g.v. versuim om die skool betyds in kennis te stel, sal vir u rekening wees.
- Maak asb seker dat almal wat u kinders mag kom haal, goed hieroor ingelig is.
- Moet asb nie in die hoofingang met u motor parkeer en dit sodoende versper nie.
- Moet asb nie waardevolle artikels sigbaar in u motor laat of selfs in u kattebak plaas in die parkeer area nie. Wees uiters waaksaam, diefstal gebeur ongelukkig orals.
- Ons is lede van die Ridgefield Security Estate buurtwag. Die personeel het paniekknoppies wat binne sekondes reaksie van hulle kan aktiveer.

**8. SKOOLFOOIE 2024. Skoolfooie per maand x12 maande, 1 Januarie tot 31 Desember.**

| **Tyd** | **Fooi** |
|---|---|
| Halfdag middagete uitgesluit | R3270 |
| halfdag middagete ingesluit | R3755 |
| Voldag middagete uitgesluit | R3650 |
| Voldag middagete ingesluit | R4135 |

**Voldag skoolfooi sluit in:**
Miiddag versnaperings word deur die skool verskaf. (Koekies, vrugte, rooibostee, sap.)
'n Matras, 2 oortreksels asook 'n poolvlies-kombersie word vir elke kind voorsien.

**Betalings:**

| | |
|---|---|
| **Deposito**: Betaalbaar met indiening van toelatingsvorm. Geen deposito sal terugbetaal word indien u, u kind se bespreekte plek kanselleer nie. Daar is geen rente betaalbaar op die deposito nie. Dit is terugbetaalbaar wanneer die kontrak verstryk, mits alle fooie op datum is en die toepaslike kennisgewing skriftelik gedoen is. | Gelykstaande aan een maand se skoolgeld soos van toepassing op u kind. |
| **Jaarlikse betalings. Nie terugbetaalbaar.** | |
| **Algemene heffing- / Administrasiefooi:** Jaarliks met registrasie betaalbaar. | R470 per kind R620 per gesin. |
| **Verpligte ekstras per jaar:** Vertonings, poppeteaters, uitstappies ens. | R670 per kind |
| Skryfbenodighede. | R160 |
| **Slegs soos benodig:** | |
| Skryfbehoeftes en benodighede vir 4 – 5 jariges (graad RR) | R190 |
| Skryfbehoeftes en benodighede vir 5 – 6 jariges (graad R) | R440 |
| **Matras- en kombersversorging** – slegs vir voldag. | R130 |
| **Ouers voorsien die volgende met toelating:** Geen van hierdie items word teruggegee indien die kind deur die jaar aan die skool onttrek word nie. | **8 toilet rolle**<br>**4 dosies snesies**<br>**1 pakkie 'wet wipes'**<br>**1 vloeibare handwasseep (300ml)** |

**10. BETALINGS**

Betalingsbewyse van transaksies wat deur die internet gedoen word, moet binne 24 uur van betaling aan die skool ge-WhatsApp / per e-pos gestuur word.

**Betalings aan: Die Zonkie Kleuterskool, vooruitbetaalbaar op die 1e van elke maand.**

- Laatbetaling is onderhewig aan 'n boete van R20 per dag.
- By versuim van betaling, mag die kind toegang tot die skool geweier word.
- Die skoolgeld bly ten volle betaalbaar, selfs as die kind om welke rede ookal nie skool bywoon nie.
- Die deposito dien nie as die eerste maand se betaling nie, maar as voorsiening vir die laaste maand se skoolgeld wanneer u kennis gee dat u kind die skool verlaat.
- Neem asb. kennis dat Desember as 'n vol maand beskou word en dat die volle maandelikse fooi gehef word.
- Die skool is lid van TPN Credit Bureau.

## 11. KANSELLASIE

- Kennisgewing vir die periode van 1 Januarie tot 30 September: een (1) **kalender maand** skriftelike kennisgewing voor die voorgenome kansellasiedatum word vereis.
  **Kennisgewing vir enige tyd na 1 Oktober: drie (3) maande skriftelike kennis op 1 Oktober vereis (Oktober, November en Desember) .**
- In geval van onttrekking enige tyd na Oktober word die ouers steeds verantwoordelik gehou vir die skoolfooi tot aan die einde van die skooljaar ongeag of die kind skool bywoon of nie en ongeag of kennis gegee is voor 1 Oktober.
- Sou kennis gegee word gedurende die periode 1 Oktober tot 31 Desember, is Januarie outomaties die kennismaand en is skoolfooi betaalbaar tot aan die einde van Januarie.
- In die geval van skriftelike kennisgewing, word die volgende vereis:
  - Voorgenome kansellasiedatum.
  - Of die kind Zonkie Montessori gaan bywoon gedurende kennistydperk.

Voorbeeld van kansellasie:

| 2023 | | | 2024 | | | | | | | | | | | | 2025 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Okt | Nov | Des | Jan | Feb | Mrt | Apr | Mei | Jun | Jul | Aug | Sep | Okt | Nov | Des | Jan |
| Indien u kind nie Zonkie Montessori gaan bywoon in 2024 nie, gee asb. skriftelik kennis voor of op 01 Oktober 2023. | **Skriftelike kennis word nie aanvaar indien u dit gedurende November gee nie.** | **Skriftelike kennis word nie aanvaar indien u dit in Desember gee nie.** | | | | Skriftelike kennis op 01 April 2024: April is die kennis maand. Kansellasiedatum: 30 April 2024. | | | | | | Indien u kind Zonkie Montessori nie in 2025 gaan bywoon nie, moet u asb. drie (3) maande skriftelike kennis gee voor of op 01 Okt. 2024. | **Skriftelike kennis word nie aanvaar indien u dit gedurende November gee nie.** | **Skriftelike kennis word nie aanvaar indien u dit in Desember gee nie.** | |

- Indien u sou versuim om Zonkie Montessori die nodige kennis te gee wanneer u, u kind uit ons skool wil neem, sal dit beskou word as 'n wesenlike breuk van hierdie ooreenkoms en sal die nodige stappe namens Zonkie Montessori geneem word om die geld te verhaal.

## 12. SPESIALE OMSTANDIGHEDE.

- Die skool moet asb. in kennis gestel word indien u kind vir 'n paar dae afwesig sal wees.

Parafeer asb. (albei ouers):……

- Die skool moet asb. in kennis gestel word indien enige omstandighede, by die skool of die huis, die kind se gedrag kan beïnvloed.
- Indien u kind ‘n gedrags-, arbeid-, fisioterapeut ens. besoek, moet ‘n afskrif van enige sodanige verslae ter insae tot die skool se beskikking gestel word.
- Die skool moet in kennis gestel word indien enige verandering van adres, telefoonnommers, geneesheer of verantwoordelike persone sou plaasvind.

**13. MEDIES.**

- **U word versoek om nie ‘n siek kind, ‘n kind wat koors het, of ‘n kind met ‘n aansteeklike siekte, na die skool te bring nie. Neem asb u eie kindjie, die ander kinders, ouers en personeel in ag en tref asb alternatiewe reëlings.**
- **Geen antibiotika of ander medikasie word toegedien in die skool nie.**
- Kinders met kopluise, konjunktivitus (pink eyes), koors, diarree of enige ander aansteeklike siekte, sal nie by die skool toegelaat word nie. Ouers sal dadelik gekontak word om ‘n kind te kom haal wanneer ons ‘n toestand opmerk wat die ander kinders of die personeel aansteeklik is of indien die kind ‘n koors vanaf 37.5 het.

  Dit is vir Zonkie Montessori‘n hoë prioriteit om te sorg dat die skool ‘n skoon en veilige omgewing is vir die leerders en vir die personeel.

Parafeer asb (albei ouers)…….

**14. ALGEMEEN.**

- Geen lekkers mag in die kosblikkies gesit word nie.
- Geen speelgoed mag na die skool gebring word nie, tensy deur die onderwyseres versoek.
- **Indien daar enige apparaat van die skool, of onbekende klere, skoene, ens by u huis ontdek word, moet dit asb na die skool teruggebring word.**
- Alle besittings; ook klere en skoene, moet duidelik gemerk wees.
- Slegs een kind per keer mag die toilet besoek.
- Geen vuil taal word geduld nie.
- **Geen ‘superhero’ ( bv spiderman, batman, pokemon, ens) klere asook klere met drake en ander gediertes op word toegelaat nie, aangesien dit dikwels aggressiewe gedrag ontlok en onrealistiese verwagtinge en vrese by kleuters, wat nog nie tussen realiteit en fantasie kan onderskei nie, skep.**
- Hoëhak-skoene en stewels is oulik maar baie gevaarlik op klimrame.
- Geen kind mag met handskoene aan op die klimrame rondklouter nie.
- Kinders mag nie loop en eet of drink terwyl hulle by die skool uitloop nie.
- Moet asb nie papiere en plastieksakkies in ons inrypad gooi nie.
- Indien u enige gedagte of klagte wil deel, praat asb met die skoolhoof.
- Maak asb. ‘n afspraak met die prinsipaal indien u ons oor ‘n saak wil spreek. Ons sal u altyd sover as moontlik tegemoet kom in die verband.

**15. TEMABRIEWE**

- Ons stuur op ‘n gereelde basis inligting aan u oor ons temas en aktiwiteite by die skool.
  Dit hou u op hoogte van die temas wat by die skool aangebied word.
- Ons besef die kleuters onthou iets soms net halfpad en raak gefrustreerd as hulle nie alles mooi kan oorvertel nie. Toegerus met die korrekte inligting, kan u deur leidende vrae en gesprekke heelwat inskerping doen.
- Moet asb onder geen omstandighede druk plaas op die kinders as hulle iets nie onthou nie. Kom praat liewers met ons as u bekommerd voel.
- Ons doel is om ‘n positiewe leer-ingesteldheid en ‘n weetgierigheid by die kinders te kweek.

**16. VERJAARSDAE**

- Verjaarsdae is baie spesiaal en daar word vir elke kind ‘n verjaarsdagring gehou.

Parafeer asb. (albei ouers):…….

- U word versoek om vir ons 'n kort lewensskets van u kind neer te skryf (nie meer as twee reëls per jaar nie) en indien moontlik, 'n babafoto van u kind in te sluit.
- U word ook versoek om 'n klein versnaperinkie vir elke kind saam te stuur.
- Kom tref asb die nodige reëlings met die personeel.

**17. ETENSTYE**

**Verversings** **10:00** Eie kosblikkie met 2 of 3 soorte versnaperings.

✓ Geen gaskoeldrank, vrugtesappe, skyfies, lekkers en joghurt word toegelaat nie.

- ✓ Vrugte moet asb gewas/geskil wees – heel lemoene werk nie!
- ✓ Broodjies (Lae GI, bruin of saad), vars/droë vrugte, pizzaskywe, neute, biltong en rou groente is geskik vir die kosblikke.
- ✓ Kosblikkies en deksels moet duidelik met u kind se naam gemerk word.
- ✓ Ons moedig die kinders om water te drink. Elke kind bring daagliks sy eie waterbottel, duidelik gemerk.

**18. WAT U KIND MOET SAAMBRING SKOOL TOE**

- 'n Rugsak/tas wat in die skool se tashokkies sal pas, duidelik gemerk. (28x28x28cm)

  - **Een stel skoon klere, duidelik gemerk.**
  - **'n Trui/baadjie indien dit sou koud word.**

- 'n Plastieksak vir vuil klere.
- Kosblik/ke, duidelik gemerk.
- Sonroom, hoed duidelik gemerk.
- Waterbotel duidelik gemerk.

**19. BUITEMUURSE AKTIWITEITE.**

Die volgende klasse is opsioneel en word deur buite-persone aangebied indien daar genoeg bekendstelling is:
Junior Builders
Kindermuzik
YSports
On Pointe Ballet Studio
Little Lab Coats
Lisa's Swim school
Titans Cricket

**20. DAGPROGRAM.**

| | |
|---|---|
| **06:45 – 08:00 GRADE R:** | **Aankoms en Vryspel onder toesig van 'n juffrou/assistant.** |

| | |
|---|---|
| **06:45 – 07:30**<br>**06:45 – 08:00** | Aankoms en vryspel.<br>**SKOOL BEGIN OM 07:30 VIR GRAAD R LEERDERS.** Gedurende hierdie tyd word aandag gegee aan lewens- en luistervaardighede asook taal en wiskunde. |
| **08:00 – 08:30** | **Goeiemore!** Bybellees en gebed, Register, Weer, Verjaarsdae en Nuus. |
| **08:30 – 10:15**<br><br><br><br><br><br><br><br>**09:30 – 10:00** | **Klas aktiwiteite en temabespreking.**<br>**Oproepe en WhatsApps word nie gedurende hierdie tyd beantwoord nie.**<br>Daar gaan baie tyd in die beplanning van die tema besprekings om dit opvoedkundig en prettig te maak. Rympies, liedjies sing, beweging en wetenskap eksperimente is dikwels deel hiervan.<br>Tydens klasaktiwiteite is daar 'n keuse van Montessori en ander opvoedkundige apparaat in bv. lewensvaardigheid, sensoriese, taal, wiskunde en kulturele areas.<br>Daaglikse Kwanda Fun ouderdoms-gepaste klasse, op 'n weeklikse basis per ouderdomsgroep. |
| **10:30 - 11:00** | **Oggend teetyd.** |
| **Regdeur die dag:** | **Kinders word gewys hoe om die toilet korrek te gebruik en is vry om dit deur die dag te gebruik na behoefte. Hulp word verleen wanneer nodig.** |
| **11:00 – 12:00**<br>**10:30 – 12:00** | **Vryspel/buite aktiwiteite en tema besprekings.**<br>**Buite k**urrikilêre **aktiwiteite word gedurende hierdie tyd aangebied.** |
| **12:00 – 12:30** | **Storie en rympiestyd.** |
| **12:30 – 13:00** | **Middagete.** |
| **12:00 - 13:00** | **Huistoe tyd vir halfdag kinders.**<br>Kinders wag in die wag area saam met 'n juffrou/assistant vir die persoon wat hulle kom haal. |
| **12:30 – 13:50** | **Slaaptyd vir voldag kinders.** |
| **14:00 - 14:15** | **Opstaantyd, matrasse/kombersies wegpak, skoene aantrek, toilet, ens.** |
| **14:00 – 17:00** | **Vryspel en buiteaktiwiteite.** |
| **15:00** | **Verversingstyd** |
| **17:00 - 17:30**<br>**Maandag – Donderdag**<br><br>**Vrydag 17:00** | Oorblywende kinders wag saam met 'n juffrou/assistent **by die wag area** vir die persone wat hulle kom haal. |

**21. BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING (POPI):**

Hiermee inligting oor u regte en verantwoordelikhede as 'n Datasubjek onder die:

- Die Beskerming van Persoonlike Inligting,

- Die Algemene Data Beskerming Regulasies, en
- Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting

Die ouer stem in dat sy / haar persoonlike kontakbesonderhede soos, bv. selfoonnommer en e-pos adres in Zonkie Montessori se register ingeskryf mag word vir die direkte bemarking van skoolfunksies, fondsinsamelingsgeleenthede en donasies en dat sulke inligting deur Zonkie Montessori gebruik mag word vir daardie doel op 'n tyd wat vir Zonkie Montessori gemaklik is. Daar word verder ooreengekom dat die skool NIE geregtig sal wees om hierdie besonderhede aan derdepartye beskikbaar te stel sonder die uitdruklike toestemming van die ouer nie.

Zonkie Montessori mag nie u persoonlike inligting in sy besit versprei of op 'n ander manier publiseer nie, tensy u skriftelik toestemming verleen aan Zonkie Montessori dat hy dit mag doen. In hierdie geval, mag Zonkie Montessori slegs die inligting wat in u toestemming gespesifiseer word, versprei of andersins aan die mense publiseer vir die doel soos vermeld in u skriftelike toestemming.
U het:

- Die reg om in kennis gestel te word dat daar Persoonlike Inligting (“PI”) en/of Spesiale Persoonlike Inligting (“SPI”) ingesamel word oor uself, as die Bevoegde Persoon, en oor u kind/kinders.
- Die reg om in kennis gestel te word wanneer ‘n ongemagtigde persoon toegang of besit van u Persoonlike Inligting vekry het, of van die verlies daarvan.
- Die reg om die identiteit van die Inligtingsbeampte te bepaal asook watter maatreëls getref is om u PI te berg/argiveer en te beveilig.
- Die reg om toegang te versoek tot u PI en/of SPI.
- Die reg om die korreksie, vernietiging/uitwissing van u PI te versoek.
- Die reg om op redelike gronde, protes aan te teken teen die verwerking en berging van u PI.
- Die reg om u PI nie te laat gebruik word vir die doel van direkte bemarking nie.
- Die reg om ‘n klag te lê by die Inligtingsreguleerder rakende die inmenging met of verlies van u PI.
- Die reg om ‘n siviele prosedure aanhangig te maak rakende die inmenging met of verlies van u PI.

**Sosiale media**

Zonkie Montessori Kleuterskool gebruik sosiale media webblaaie en toepassings as wyse van kommunikasie om inligting oor die skool en opvoedkundige programme met die ouers en die gemeenskap te deel. Ons gebruik spesifiek Facebook, Epos, WhatsApp, Webblaaie en Instagram
Ons gebruik fotos en videos vir bemarking doeleindes. Dui asb aan of u kind vir hierdie doeleindes gefotografeer mag word of nie.
Dit is u verantwoordelikheid as ‘n Data Onderwerp om die Inligtingsbeampte op hoogte te hou van enige verandering van u inligting. Daarbenewens sal ons u jaarliks voorsien van inligting opdatering vorms om te voltooi en aan ons terug te besorg.

| | |
|---|---|
| | Ons gee toestemming dat ons kind gefotografeer mag word. |
| | Ons gee nie toestemming vir ons kind om gefotografeer te word nie. |

**Inligtingsbeampte:**
Naam: Hettie van Blommestein
Epos Adres: hettie.zonkie@gmail.com
Selfoonnommer: 062 388 5410

**TOELATINGSVORM (DRUKSKRIF ASB.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Datum van toelating: | | | |
| **Kind se Besonderhede en Inligting.** | | | |
| Van: | | | |
| Volle naam: | | | |
| Noemnaam by die skool: | | | |
| Geboortedatum: | | | |
| ID/Paspoort nommer: | | | |
| Ouderdom teen toelating: | | | |
| Kind se geslag: | Manlik / Vroulik | | |
| Huistaal: | | Omkring asb kind se skooltaal: Eng/Afr | |
| Tydgleuf: omkring asb. | Halfdag: middagete uitgesluit | | Ja / Nee |
| | Halfdag: middagete ingesluit | | Ja / Nee |
| | Voldag: middagete uitgesluit | | Ja / Nee |
| | Voldag: middagete ingesluit | | Ja / Nee |
| **Besonderhede van Ouers** | | | |
| | **Moeder/Voog** | **Vader/Voog** | |
| Van en voorletters: | | | |
| Voorname: | | | |
| ID Nommer: | | | |
| Beroep: | | | |
| Naam van werkgewer: | | | |
| Huis adres: | | | |
| Pos adres: | | | |
| Epos adres: | | | |
| Huis telefoon: | | | |
| Werk telefoon: | | | |
| Selfoon nommer: | | | |
| **Noodnommers – NB! Iemand anders as die ouers/voogde.** | | | |
| Naam: | 1 | 2 | |
| Verwantskap met die kind: | | | |
| Telefoon nommers: | | | |

Parafeer asb. (albei ouers):……

| Medies en Gesondheid | | | |
|---|---|---|---|
| Mag ons u kind dokter toe neem in die geval wat u kind baie siek is en ons u nie in die hande kan kry nie?<br>**U sal aanspreeklik gehou word vir al die verwante kostes.** | | | Yes /No |
| Dokter se naam: | | | |
| Telefoon nommer/s: | | | |
| Het u kind enige mediese toestand waarvan ons bewus moet wees? | | | |
| Het u kind enige allergie of voedsel intoleransie? | | | |
| Het u kind enige operasies gehad: | Tipe sjirurgie: | Op watter ouderdom: | |
| **Mediese Fonds Besonderhede** | | | |
| Naam van skema: | | | |
| Plan: | | | |
| Lidmaatskap Nommer: | | | |
| Hooflid: | | | |
| Afhanklike nommer: | | | |

Hiermee gee ek ouer/voog:

1……(naam/van/ID)

2……(naam/van/ID
toestemming dat my/ons kind:

……..(naam/van/ID)
indien een of albei ouers nie bereik kan word nie, Zonkie Montessori Kleuterskool, Babies@Zonkies, of sy gevolmagtigde die volgende mediese besluit(e) mag neem, selfs al het dit finansiële implikasies vir die ouers:

- verkryging van mediese hulp of dienste;
- vervoer van die kind na ‘n plek waar mediese hulp en/of dienste beskikbaar is;
- die verleen van toestemming vir enige medikasie soos deur ‘n geneesheer aanbeveel

Signed at/Geteken te _____(Place/Plek)on/op_____(Date/Datum)

_____ _____

**Handtekening van Vader/Voog** **Handtekening van Moeder/Voog**

**Handtekening van Hoof_____**

| **Algemene Inligting** | | | |
|---|---|---|---|
| **Sekuriteit by die skool** | | | |
| Wie bring die kind skooltoe? | | 1 | |
| | | 2 | |
| Wie gaan die kind kom haal? | | 1 | |
| | | 2 | |
| | | 3 | |
| Het die kind boeties en sussies? | | Indien wel, hoeveel? | |
| Die kind se plek in die gesin? | Jongste | Middel | Oudste |
| Ouers se huweliksverband | Getroud | Geskei/Vervreemd | Ouer oorlede |
| Indien geskei/vervreemd, by wie bly die kind? | | | |
| Wat is die reëling met betrekking tot besoekingsregte? | | | |
| Beskryf kortliks hoe u die kind tuis dissiplineer: | | | |
| Meld asb wat u beleid is t.o.v. u kind en skermtyd: (bv hoeveel en watter tipe programme/speletjies) | | | |
| Hoeveel stories lees of vertel u, u kind gedurende die verloop van een week? | | | |
| In wie se sorg is u kind in die middae indien nie voldag by die skool nie? | | | |
| Beskryf asb u kind se huidige namiddag aktiwiteite indien nie voldag by die skool nie? | | | |
| Was u kind al voorheen by ‘n kleutergroep/dagsorg? | | **Ja** | **Nee** |
| Hoe laat gaan slaap u kind saans? | | | |
| Slaap u kind deur die nag? | | **Ja** | **Nee** |
| Het u al oor Montessori gelees? | | | |
| Is u bekend met die Montessori metode? | | | |
| Waarom wil u graag u kind in ons skool hê? | | | |

| Rekening Besonderhede | | |
|---|---|---|
| Persoon verantwoordelik vir die skoolfooie. **(NB: Die ouers is finaal verantwoordelik vir die betaling van skoolfooie, selfs al het iemand anders onderneem om te betaal en dan versuim.)** | Naam: | |
| | Posadres: | |
| | Woonadres: | |
| | Id Nommer: | |
| | Kantoor landlyn: | |
| | Huis landlyn: | |
| | Selfoon nommer/s: | |
| Naasbestaande wat nie by u bly nie. | Naam: | |
| | Woonadres: | |
| | Telefoon nommers: | Huis:<br>Werk:<br>Selfoon: |
| Bank:<br>Naam:<br>Rekening nommer:<br>Kode: | FNB Lynnwood<br>Die Zonkie Kleuterskool<br>6277 916 8692<br>252 045 | |
| Bewys van betaling aan: | finance@montessori-zonkie.co.za | |

**BELANGRIKE DOKUMENTE:**

| | |
|---|---|
| **Heg aan asb.:** | 1. ’n Onlangse water- en ligterekening aan ter bevestiging van u adres.<br>2. ’n Afskrif van u kind se geboorteseftifikaat / paspoort.<br>3. ’n Immuniseringsertifikaat aan u aansoek.<br>4. Afskrifte van albei ouers/voogde se ID dokumente / paspoorte. |

**OOREENKOMS/VRYWARING.**

Parafeer asb. (albei ouers):…….

Ek/ ons die ondergetekende(s), Ouers/voogde:

_____(naam/van)

_____(naam/van)

Van:_____(kind: naam/van)

1. Verklaar hiermee dat die besonderhede vervat in die Inskrywingsvorm waar en korrek is, en onderneem om indien enige van die besonderhede daarin vervat sou verander, mev. Viljoen onverwyld daarvan skriftelik in kennis te stel. Ek/ons neem volle verantwoordelikheid op myself/onsself vir enige skade wat vir wie ookal mag ontstaan as gevolg van die inkorrektheid van die bovermelde inligting.
2 Ek/ons bevestig dat ek/ons die Inligtingsvorm deurgelees het asook bewus is van die reëls en regulasies van Zonkie Montessori Kleuterskool, dit verstaan, en dit aanvaar.
3 Ek/ons gee hiermee ook toestemming dat my/ons voorafgenoemde kind na die Zonkie Montessori Kleuterskool mag kom en aan alle normale bedrywighede en speletjies mag deelneem.
4 Ek/ons aanvaar dat die verantwoordelike persone alles redelikerwys in hul vermoë sal doen om die veiligheid van ons kinders te verseker.
5 Ek/ons doen hiermee afstand, en vrywaar mev. Viljoen en haar kleuterskoolwerknemers, van enige en alle eise van welke aard ookal wat deur onsself of derdes ingestel mag word, wat mag voortspruit uit die onderrig, bewaring en versorging van ons kind en enige verbandhoudende handeling, of wat daaruit voortvloei.
6 Ek onderneem om Zonkie Montessori een kalendermaand skriftelik kennis te gee tussen Januarie en September en drie (3) kalendermaande sou kennis op 1 Oktober gegee word. Ek begryp dat 1 Oktober die laaste datum is waarop ek kan kennis gee vir die jaar en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die volle skoolfooie vir Oktober, November en Desember van die betrokke jaar sou ek later kennis gee.

Geteken te _____(Plek) on/op_____(Datum)

_____ _____

**Handtekening van Vader/Voog** **Handtekening van Moeder/Voog**

**_____**

**Handtekening van Hoof**

**Getuies:**

**1_____**

**2_____**